KAMMANUUS
Nr. 423 16 Januarie 2017
'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Chileense seekos is tops en volop

Hoofstuk 3 Deel 15

Hallo daar almal wat dit gemaak het tot hier toe in die nuwe jaar. Hier in die Overberg het die somer klaar omgedraai. Onrus is nou weer rustig. Al die fendêmillie en kinders is nou weer terug daar waar hulle geld maak om later hier te kom aftree.

Verlede jaar het ek julle nog in Chili gelos met my storie oor hoe die kos daar smaak en wat die mense eet, wat effe anders is as hier by ons. Eet bly my maar na aan die hart en op my heupe, so ons hervat sommer weer met nog oor geregte daar in Suid-Amerika.

Een ding is seker, hulle seekos is altyd vars en volop en die variasie skrik vir niks. Mariscos, wat maar net 'n soort arikruikel is, is baie gewild en word meestal in 'n soort romerige sous of sop aangebied. Baie soos ons ons mossels eet.

As jy kan droom van 'n vissoort, hulle het hom daar. Santiago lê nou wel so twee ure binneland toe, maar die vismark is maklik twee rugbyvelde langs mekaar, en binne-in is daar rye restaurante waar jy jou seekos so te sê van die boot af kan bestel.

Salamanca in die noorde, waar ons twee jaar gewoon het, is te vêr van die see af en te klein om daagliks vars vis te waarborg. So besluit ek en Kamermaatjie dan dat elke lang naweek wanneer Heidi se oupa uit die Andes gebergtes huis toe kom ons sal afsit see toe vir lekker vars seekos. Ná so 'n uur se reis deur berg en dal en deur 'n landskap wat maar netsowel 'n mengsel van die Breëriviervallei en die Klein-Karroo kon gewees het, kom mens skielik op die klein vissersdorpie van Los Vilos af. Hierdie *'plek van winde'* herinner baie aan die Waenhuiskrans van die ou dae, waar die vissersbote sommerso op die strand uitgesleep word en jy jou vars vis koop soos hulle land.

Daar stop ons toe by so 'n windverwaaide kafeetjie wat met sy voete in die waters van die Stille Oseaan staan. Die bejaarde kelner wuif ons nader na die paar tafeltjies met hul rooi geruite doeke oor en waarop die sout en asyn klaar reg staan.

Met goeie rede gaan sit ons naby die enigste ander twee gaste. Soos ons verwag het, is die spyskaart en die kelner net Spaans magtig. Ons moes toe maar ons gewone truuk uithaal deur te loer wat die paartjie langs ons bestel en dan daarna te wys as ons sien dis naastenby wat ons in gedagte gehad het. Hulle twee eet toe dieselfde vis. Gelukkig lyk diT toe darem baie soos ons stokvis. Met gebaretaal vra ek die kelner om vir my op die spyskaart die vis se naam te wys. So leer mens mos sodat dit jy kan herken op die volgende suiwer Spaanse spyskaart.
Ek bestel toe die Corvino vir Annabelle. Vreeslik lekker. Amper soos ons geelstert. Onverskrokke druk ek my vinger op volgende naam op die spyskaart. Dit is Congrio. "Gee my die een asseblief," gooi ek sommer in Afrikaans. Maak mos nie saak watter taal ek praat nie.

Magtag mense, poks ek daai dag nou 'n lekker een! Sulke klein wit sappige ronde porsies om 'n sentrale graat. Eet behoorlik my vingers af. Van toe af, as dit by seekos kom, is dit altyd Corvino vir kamermaatjie en Congrio vir my. Eers baie later vind ek toe uit ek eet die hele tyd seepaling! Ek vra myself vandag nog of ek dit sou eet as ek vooraf geweet het.

Hennie Greeff
UITGEWER
Onrusrivier
pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Kwinkslae oor die politiek

As die Here wou gehad het ons moet stemreg hê, sou hy vir ons kandidate voorsien het.
~Jay Leno~

Die probleem met politieke grappe is dat hulle verkies word.
~Henry Cate, VII~

Ons straf klein misdadigers met tronkstraf, maar die grotes word **regeerders.**
~Aesop~

As ons een tiende kry van wat ons belowe word, sal ons nie hemel toe wil gaan nie.
~Will Rogers~

Politici is oral dieselfde: Hulle belowe om 'n brug te bou selfs al is daar nie 'n rivier nie.
~Nikita Chroestsjof~

Toe ek klein was, is ek vertel dat enigeen president kan word. Ek glo dit nou.
~Clarence Darrow~

Politici is mense wat, wanneer hulle lig aan die einde van die tonnel sien, heengaan en nog tonnel koop.
~John Quinton~

Politiek is die kuns om stemme van die armes en geld van die rykes te kry deur te belowe dat jy hulle teen mekaar sal beskerm.
~Oscar Ameringer~

Hier is 'n winskoop vir my teenstanders: As julle ophou om leuens oor my te vertel, sal ek ophou om die waarheid oor julle te vertel.
~Adlai Stevenson, 1952~

'n Politikus iemand wat jou lewe vir sy land sal opoffer.
~ Tex Guinan~

Ek het besluit dat politiek heeltemal te belangrik is om in die hande van politici gelaat te word.
~Charles de Gaulle~

Pleks van politici die sleutel tot die stad te gee, moet ons dalk liewer die slotte vervang.
~Doug Larson~

Om baie te lees, is skadelik vir onkunde.

Sommer net lekker Afrikaans!

Elke moer wil 'n aartappel wees -
Almal wil die beste, mooiste, slimste of rykste wees.

Nie ligte musiek wees nie -
Nie maklik om uit te voer of af te handel nie.

Nie sag kook nie (Namakwaland) -
Moeilik of ongenaakbaar wees. Die dominee het ook al met oom Jan gaan praat, maar hy's mos nou nie iemand wat sag kook nie.

Kortsokkie -
Groentjie, onervare. Jy kan nie nou al wil baasspeel nie, jy is nog te kortsokkie hier. (Laat mens ook dink aan Kortbroek - Kortbroek van Schalkwyk.)

Windbrood -
Goedkoop brood met min voedingswaarde.

Kermkoop -
Aan iemand (veral 'n kind) se geneul toegee en teësinnig iets koop.

Kakistokrasie -
Heerskappy van die slegtes.

Jy skop net klein klippies rond -
Jy hou jou op met onbenullighede.

Norring -
Klomp. Hier kom hy met sy norring kinders.

Elke donkiemerrie dink haar vul is 'n resiesperd - Elke ma dink haar kind is die mooiste of slimste of beste.

'n Kooltjie vuur kom haal –
'n blitsbesoek aflê: Ek wou hê hulle moes langer kuier, maar hulle het nou regtig net 'n kooltjie vuur kom haal.

Jou kuite styf trek –
Jou opsigtelik) vererg. Moenie jou kuite vir my kom styf trek nie, mannetjie!

Semelgat –
Hy is 'n regte semelgat (nuttelose, goor persoon).

Duskantlander in Anderkantland

Opgeneuk en aan die sing

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.

Dis 1976, ek's 'n haasbek sewejarige met bokstertjies en ons woon in 'n grasdakhuis in Lyttleton in die Jakarandastad, met 'n pruimboom wat groei in die tuin. Saans kook my ma twee emmers water vir 'n bad vol water. Dan jaag sy ons drie deur die bad voor die water koud word.

Ek skool by Juffrou De Wet in Fleur Laerskool – sy's kwaai en nie so mooi soos my ma nie. Als is eenvoudig, oom Niel het oor die Maan geloop en die lewe is 'n lied. My ma slaat my gat aan die brand want my perskebloeiselkroon verstop die badwater se uitloop.

My pa is 'n superheld want hy het 'n televisie in die sitkamer kom neersit. Ons stoei onder mekaar vir die beste plek op die mat. Lank voor ses-ur sit ons blinkgeskrop in pajamas soos drie groen ertjies ingeryg op die mat en asem ophou sodat die programme kan begin.

Die lewe is fantasties; Elvis ruk-en-rol en almal leer 'n paar woorde Engels en om te 'jive'. Juffrou De Wet stuur 'n briefie huis toe: Ons het die piepklein groen pruimpies skool toe gebring om alies mee te speel. Al drie van ons se boude brand voor ons bed toe is.

Saans kry ek nagmerries oor benoudheid van die *Voetskroeiers* wat ons op TV gesien het. Hulle is gevaarlike rowers wat jou in die nag besteel en dan jou voetsole voor die kaggel tot blase verskroei sodat jy hulle nie kan agternasit nie. Deur die dag hol ons deur die tuin met pruimboomtakke aan die arms vasgemaak soos Knersus dievlermuis se vlerke. Die lewe se deuntjie karring aan. Juffrou De Wet sê ek slaap in die klas en ons moet nou voor die nuus in die bed wees. My pa neuk ons gatte oor die takke wat rondlê in die voortuin.

Die polisie het my langs die pad opgelaai en weer by die huis kom aflaai. Met my nagklere en inkleurkryte in my kussingsloop toegeknoop het ek weggeloop om Liewe Heksie en Blommie te gaan soek en haar te bespuit teen Geel Gifappeltjies.

Juffrou De Wet sê ek leef in 'n droomwêreld en ken Elvis se liedjies beter as my tafels. As niemand my sien nie sing ek al sy liedjies kliphard onder die holte van die pruimboom se takke wat laag oorhang. Die bye takel my onder die pruimboom en ek hoef twee dae nie skool toe te gaan nie.

Juffrou De Wet het in die vakansie Kaap toe getrek. Ek huil elke aand om by haar te gaan kuier. My pa sê dis te ver en sy is weg in 'n vliegtuig en die kaartjie is duur. Ek spaar al my tandemuisgeld want eendag gaan ek vir haar kuier. Iemand het die lied afgeskakel.

My pa kom huis toe met 'n kitaar en speel die liedjies van Four Jacks and a Jill. Ons oes al die pruime wat oor is op die pruimboom en lê op 'n kombers en kyk op na die sterre. Eendag wil ek ook op die maan gaan rondstap, ek dink dis waar die tandemuis woon.

Party mense is maar net gebore met 'n jeukerigheid onder die voetsole. Ek het wel in die Kaap uitgekom want my ouers het ná baie rondswerf in die Wes-Kaap gaan vestig. Elvis se legende leef voort, maar my pa se vlam is lankal uit.

Wanneer laas het ek 'n pruimboom in 'n tuin gesien? My eie kinders het nog nooit eens één pruim vanuit 'n boom kon pluk en eet nie.

Jare lank swerf ons gesin heen en weer oor Afrika se bodem. Die lewe speel 'n heel ander lied. Deesdae sluit hulle jou toe as jy jou kinders neuk oor stoutigheid. Maar as jy dit nié doen nie, jaag hulle so aan dat die polieste húlle eendag toesluit. So dan eerder ek; ek streep my kroos sodra hulle karring vir 'n drag slae.

Vanmiddag kom my seun huis toe met 'n kitaar "soos Elvis sin" wat hy so oor die heup swaai. Hy speel sy eie lied.

KAMPERING
Wanneer jy kampeer, bestee jy 'n klomp geld vir die voorreg om soos 'n daklose persoon te leef.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

VERLOWING

Jong seun aan sy pa:

"Pa, wat is 'n verlowing?"

Pa: "My seun, dis moeilik. Kom ek verduidelik so: As ek vir jou 'n fiets vir Kersfees koop, mag jy hom nie voor Kersdag ry nie.

"Maar jy mag intussen darem sy klokkie lui."

TROTSE VADER

Fred as nie die skerpste mes in die laai nie, maar met die geboorte van sy eersteling het hy ewe spoggerig sigare uitgedeel.

"En wat het die seuntjie geweeg?"

"Een komma ses kilogram," sê hy trots

"Dis nie baie groot nie, weet jy?"

"Ja," sê Fred, "maar jy moet onthou, ons is nog net drie maande getroud."

PASOP VIR SING!

Moenie in die stort sing nie.

Sang lei tot dans en as jy dans, kan jy gly.

En dan sien die paramedici jou kaalgat.

BLY VER WEG!

Hierdie krediet verskyn op die skerm in die TV-reeks *Vikings.*

Die man moet dalk liefs uit Suid-Afrika wegbly.

ONINGELIG

Klein Koos kom huis toe met 'n 0 op sy rapport vir geskiedenis. Groot Koos is baie kwaad, en gaan spreek die onnie.

"Meneer, watse k@k is dit dié dat jy my seun 'n nul gee vir geskiedenis?"

"Meneer Van der Merwe, wat sou jy hom gegee het as hy nie eens weet Jan van Riebeeck, wat aan die Kaap geland het, is dood nie??

"Maar, Meneer," verduidelik Groot Koos.

"Ons bly in Brakpan, ek het self dan nie eens geweet die ou is siek nie."

GROOT VERSKIL

"Wat is die verskil tussen 'n donderstorm en 'n spoedlokval?"

"In 'n donderstorm kan jy die bliksem sien."

ANDY CAPP deur Smythe

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Sê nou hulle het Joodse ma's gehad …

Wat sou hulle gesê het?

MONA LISA se Joodse ma:
"Ná al die geld wat jou pa op draadjies bestee het – is dit jou beste glimlag?"

CHRISTOPHER COLUMBUS se Joodse ma:
"Ek gee nie om wat jy ontdek het nie, maar jy het nie vir my geskryf nie."

MICHELANGELO se Joodse ma: :-
"Jy het 'n plafon geverf? Was dit nie soos ander kinders se skilderye goed genoeg vir 'n muur nie? Weet jy hoe moeilik en duur dit is om 'n plafon skoon te maak?"

NAPOLEON se Joodse ma:
"Is jy besig om jou skoolrapport weg te steek? Wys my! Haal jou hand uit jou baadjie en wys my!"

THOMAS EDISON se Joodse ma:
"Oukei, ek is baie trots op jou dat jy die gloeilampie uitgevind het. Sit nou die lig af en gaan slaap!"

BILL GATES se Joodse ma:
"Ek sou dit verkies het dat jy 'n dokter geword het."

BILL CLINTON se Joodse ma:
"Wel, daai Monica Levinsky was darem 'n goeie Joodse meisie."

Uit Kammanuus 207 – April 2007

ROELFIE SLAAT RAAK

Mense wat Kammanuus al lank kry, sal dalk hierdie rubriek deur Roelfie onthou. Hier was sy siening van die nuwe parlementêre embleem:

JULLE sal onthou dat Roelfie belowe het hy sal kom wys hoe die volkiesraad se nuwe embleem lyk. Wel, hier is hy 'n konka waaroor die son besig is om onder te gaan (is dit simbolies van die land?) met ses koppe wat probeer inloer wat daar vandag te ete is.
En die leuse: We the piepols.

•Roelfie is darem jammer die nuwe wapen is nie 'n pappot nie - iets wat ons almal gebruik, al is dit om potjiekos in te maak. En daar word hoeka meer geëet as gewerk in die volkiesraad.



Min mense kry die antwoord reg!
Kyk onderaan bladsy 7.

Semelgat Van Graan

Daar was 'n ou semelgat Van Graan,
wat liewer wou plat sit as staan.
As sy vrou hom wou stuur
leun die ou teen die muur
en sê maar hy voel glad te gedaan!

Motorwag

'n Besoeker aan Kaapstad parkeer sy motor naby die Kompanjiestuin.

"Ek draf net gou oor die straat, sal jy asseblief 'n ogie oor my motor hou?" vra hy 'n man wat daar rondstaan.

"Wat?!" sê die man ontsteld. "Besef jy ek is 'n lid van die parlement?"

"Ag, dis orraait," sê die man, "ek dink ek kan jou darem 'n rukkie vertrou."

Ou Abie se ontydige versoek

Ou Abie lê op sy sterbed en die dokter sê dat hulle maar die kinders moet laat kom - ou Abie sal nie die volgende dag haal nie.

Die ou is op 'n kol in 'n beswyming en kom by en sien sy dogter, Rebecca, sit by sy bed.

Hy sê: "Hello Bekkie, wot am I smellinK? Is it not appple stroedel?"

"Yes, daddy", antwoord sy. "Mommie is baking apple stroedel."

Abie: "Ag please, Bekkie, go and ask mommie to give me a piece of de stroedel."

Rebekka gaan uit en kom terug.

"Sorry daddy, mommie says you can't have any apple stroedel. Ist for de funeral."

DIE meeste mans oor 40 speel jukskei.
Eers juk hulle, dan skei hulle.

Koerantopskrifte wat jou laat proes

Teksredakteurs se diaboliese dubbelsinnighede het deur die jare vir gedenkwaardige opskrifte in koerante gesorg.

'n Opskrif destyds nadat Gladys Steyn, laaste SAP-kandidaat in die Vrystaat, in 'n verkiesing teen die NP uitgeval het, het baie vermaak verskaf. By die koerant skryf 'n subredakteur met diaboliese dubbelsinnigheid die volgende opskrif by die berig, **Gladys sit pot mis; hele Vrystaat Nat.**

Dubbelsinnigheid – dit is een van die skerpste wapens in die vernuftige kopskrywer se arsenaal.

'n Konserwatiewe redakteur het in sy spreekwoordelike graankos gestik toe hy in groot swart letters bo 'n ontleding van Rusland se uitbreidende invloed op die vasteland in sy koerant lees **Moedertjie Rusland staan wydsbeen oor die horing van Afrika.**

Koerante kan self in 'n gat trap. Die *Cape Times* wou met die koninklike besoek in 1947 'n bietjie plaaslike kleur in sy verslag bring. Op sy voorblad lees die opskrif dat die goeie mense van Beaufort-Wes koning George op hul dorp verwelkom het met die kreet **Hoere, hoere, hoere vir die koning**. Die ontbrekende kappie op die "e" het die stomme Engelse subredakteur sy naam krater laat maak. Dit moes natuurlik "hoerê" of "hoera" gelees het.

'n Verrassende een uit die *New York Post* word ook gereeld aangehaal: **Headless body in topless bar**.

En dan was daar ook hierdie pryswenner oor Prinses Diana se tragiese dood toe haar bestuurder in 'n sementpilaar vasgery het:

Woordspelings is 'n gewilde tegniek. Idiome word byvoorbeeld verbeeldingryk omvorm. 'n Klassieke kop in daardie trant was bo 'n berig oor die bedenklike kwaliteit van die Russiese weermagstewels wat gelui het:
Russiese sool is die kous nie werd nie.

In dieselfde kader (bo 'n storie oor 'n dronk treindrywer) het gestaan:
Trein ry op twee rye spore na stasie.

Dan moet die drukkersduiwel net nie met die naam kom lol nie. In die dae van warm lood in koerantsetterye is opskrifte in spesiale vormpies uitgepak. Soms is dit verkeerdom gedoen. Wat op aarde beteken "Erg skitter Dicky Brob"? Ruil die twee stukke lood om. A-a-a, "Dicky Broberg (bekende atleet) skitter"!

'n Paar jaar gelede, toe die onderonsie tussen Jurie Els en Robbie Klay groot aandag getrek het. Klay het die sanger (hy is die man van die Olimpiese hoogspringer Hestrie Cloete) onwelvoeglikheid beskuldig het *Die Burger* se koerantplakkaat dit in groot, swart letters en met goeie woordspeling uitgeskree:

JURIE SPEEL MET KLAY

Jurie speel met Klay.
(Klay het in die lang hofsaak uiteindelik erken dat hy oor die beweerde seksuele dade gelieg het.)

Ouer lesers sal ook *Die Landstem* onthou wat op Vrydae verskyn het. So het die koerant een keer 'n kompetisie vir 'n gevorderde naaimasjien gehad. Dit word toe gewen deur 'n vrou wat baie lank gesukkel het om swanger te raak. Die opskrif lui toe:

VROU JARE LANK KINDERLOOS
Wen nou nuwe naaimasjien

ANTWOORD OP WISKUNDE SOM

Dis 'n swak probleem. Die antwoord kan eintlik enige iets kan wees want daar word 'n nuwe voorwerp (een bierbeker) ingebring waaraan geen vorige waarde toegeken is nie. 1 bottel = 10 ; 1 hamburger = 5 ; 2 bierbekers = 2 ; 1 bierbeker is enige waarde want daar is geen vorige vergelyking waaruit dit bereken kan word nie.

Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

Coetzee elaineacoetzee@gmail.com
Beide my pa se ouers was Coetzee. Johan Henry Coetzee (1888-1957) getroud met Agnes Caroline Coetzee(1888-1942). Johan se pa was Pieter Coetzee (my brickwall) en Agnes se pa was Godfried Coetzee.

Nel dirknel@telkomsa.net
Ek soek na oupa se graf ook (Dirk Johannes Nel)familie. Ek dink hy is in die 1930 op 45 oorlede. Van Rhynsdorp/Vrededal begrawe. Ouma begrawe op plaas Voorbaat, Ladismith, Kaap.

Nortje tspvdw@absamail.co.za
Was predikant in Waverley ongeveer 1949. Sy dogter het BMus studeer op stellenbosch. Sy het ongehude baba gehad in 1949 wat vir aanneming gegee is.

Nog vanne wat aangemeld is: Müller, Goosen, Leslie, Struwig, De Villiers, De Klerk, Ungerer, Pretorius en Swart.
Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

KORT VOOR KRISMIS

Kort voor Kersfees het Meraai vir Gatiep gebel. Die gesprek het so verloop:

Meraai: "Hello my outjie dis ampe Chrismas, nuh."

Gatiep: "Hello sweety pie. Ja ek is so excited."

Meraai: "Kan jy vir my 'n tablet koop asseblief?"

Gatiep: "No problem, Engel. Panado of Nurefen?"

Meraai: "Nei, Skat. Ek mean 'n Samsung tablet want dus mos ampe Chrismas"

Gatiep: "Djirre Meraai, dus mos Jesus wat verjaar, nie djy nie!

Vrou se oepsie laat vliegtuig omdraai

'n Amerikaanse vlug van Washington na Dallas het 'n noodlanding in Nashville, Tennesee gemaak nadat passasiers oor 'n vreemde reuk gekla het.

Die FBI het opgetree en die passasiers ondervra. 'n Vrou het erken dat sy 'n wind gelos en 'n vuurhoutjie getrek het om die reuk te verbloem.

Sy is van die vliegtuig verwyder.
"American sal sorg dat sy vir 'n baie lang tyd nie weer vlieg nie," het 'n woordvoerder van die lugdiens gesê.

Sy is nie aangekla nie, hoewel dit teen die wet is om 'n vuurhoutjie op 'n vliegtuig te trek.

Dinge wat polisiemanne sê

Hier is 'n paar opmerkings wat in Amerika van polisiemanne opgeteken is:

"Ontspan. Die handboeie is styf omdat hulle nuut is. Hulle sal uitrek as jy hulle 'n ruk gedra het."

"As jy jou hande van die kar afhaal, sal ek jou geboortesertifikaat 'n waardelose dokument maak."

"As jy probeer weghardloop, gaan jy net baie moeg by die tronk aankom."

"Kan jy vinniger as 1200 voer per sekonde hardloop? Vir jou inligting, dit is die spoed waarteen my 9 mm se koeëls trek."

'n Goeie feetjie tik Julius Malema met stokkie oor sy kop en sê: "Nou het jy vlerke."

Julius kyk, sowaar, hy het vlerke. "Is ek nou 'n engel?" vra hy.

Feetjie: "Don't push your luck, jy is nou 'n brommer."

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Die invloedryke rolprentman **Jans Rautenbach** is onlangs oorlede.
Hier is 'n geskrif wat hy nagelaat het oor die begin van sy loopbaan.

Soos ’n slang wat spoeg het sy pa vir hom gesê: “Baaiskoup is sonde," skryf Jans Rautenbach in sy tweede storie in die reeks van sy ongepubliseerde verhale.

“What did you say his name was,” vra Hymie Kirsten, Killarney se grootbaas, die laaste pofadder van Isidore Schlesinger se sterwende rolprentreus.

“Jans with an es,” antwoord Emil Nofal, die gasheer. Die uithang- langrok- en aandpaklywe in die Carlton se foyer staan hom toe.

Ons hoor hulle skuins skrams waar ek en Almeri en ma, Rautie, die legendariese Rykie van Reenen en haar Sondag-*Beeld*-kollegas omhels.

“Where does he come from?”

“I found him in jail . . .”
Hymie snap nie mooi nie: “He studied movies at Yale . . . !?”

“No, he’s a jailbird from prison . . .”

Swier- en plesierkollegas om Emil vries soutpilaar. Hy druk die naald ’n entjie dieper: “He’s a proper Boksburg-boerebandiet.”

Dis *Die Kandidaat* se gala-aand. My eerste fliek, eerste baba. Buite swaai soekligte die nag in. Kameras flitslig gaste die rooi tapyt op. Dames kry eksotiese parfuum, manne Havanna-sigare. Strikdasstudente skink sjampanje. Kort rokkies bedien gaste met hoë happies. Almal groet en ontmoet. Die wie’s wie van Afrikaanse sake in Johannesburg klink glasies. André Pieterse van Sterfilms, Sanlam se pronkpou, betaal.

□ □ □ □

“Asseblief, Pappie, seblief?”

“Ek sê nee, en my nee is my nee!”

“Dis *Quo Vadis,* ’n Bybelse prent vannie Israailiete, en van Moses . . . met Jesus innie riete.”

My pa se moer roer dik: “Hoor jy my nié?!”

Laaste soebat: “Net hierie een keer. Mammie en Pappie kan saam na Jesus kom kyk, 'seblief, Pappie?”

Hy het sy hele lewe lank fiets getrap myn toe en terug. Somer en winter. Ses dae ’n week. Sodat ons kon lewe.

My pa vou *Die Landstem* op sy skoot versigtig toe, want dis ou Hentie langsaan se koerant wat hy Sondae leen om te lees en ek moet dit netnou terugvat. Oom Nico oorkant moet dit ook nog kyk. En daarna ant Drien in nommer 14 wat resepte opgaar.

Hy staan op, sit *Die Landstem* rustig, eintlik té rustig, op die bankie op die rooi sementstoepie neer, stap verby die varing in die groen drom, en stop by die sifdeur.

Hy draai stadig om en kyk my op en af of ek paddaslyk is: “Dis innie Bybel geskryf. Jy sal geen gelykenis van die mens maak nie, van niémand nie, en nie van tie Here in die hemel nie. Die woord van God sê jou regyt, wee diégenes, want hulle sal ewig innie vagevuur uitbrand!”

My pa was nog nooit so woedend nie. Soos ’n slang wat spoeg: “Baaiskoup is sonde. Dis die witwarm hel. Jy sit nooit nie, nooit óóit jou voete daarin nie!”
Hy het nie meer ’n stem nie. Sy gesig is gryswit soos kryt.
Ek het dié aand laat Mammie met nannies koepêla en tweevingers spoeg op my hart belowe dat ek Pappie tot in die graf sal eerbiedig. Hy was sewe-en-veertig

toe ek gebore is. Hy kom uit ’n ander tyd, lank voor bioskope. Hy het in Patensie met sy stamvader se Statebybel geleer. In Hooghollands. Alles wat ’n mens op aarde moes weet, was daarin. Ook ’n prent van die sondeval.

Op twee-en-sewentig het hy hygend, roggelend aan myntering gesterf. Ons het sy kis graf toe gedra. Ek en my broer Gert heel voor.

☐ ☐ ☐ ☐

Die klokkies lui, ons moet ingaan. Die bioskoop gaan begin. Ek en Almeri in haar pragtige smaraggroen aandrok sit in die uitverkore ry. My ma, wat nou kos kook vir Jamie Uys se filmspan, sit net so deftig aan my linkerkant.

Emil stap onder luide handeklap die verhoog op: “It is my very special honour to welcome you tonight at the premiere of a milestone in our film history. I am the producer of *Die Kandidaat,* directed by our youngest filmmaker, somebody that nobody has ever heard of before, ever.”

Daar kom sy stout Libanese glimlag weer: “Someone five years ago a prison warder, now my partner. Staan op, Jans.”

Ek staan. Draai agtertoe en vorentoe. Mammie neem my hand styf. Die eerste applous in my lewe sny my hart oop. Ek gaan sit. Bewoë. Die ligte doof.

“As Pappie maar net vanaand hier kon wees . . .”

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidinggrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:
www.onsdorp.com/ekstra.html